
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word


Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

....as iemand in Christus is, is hy ....

'n Nuwe Skepsel



"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword". **(2 Kor. 5:17).**

Waarom moet ek weergebore word? En hoe kan ek weergebore word? Is twee vrae wat Jesus in Johannes hoofstuk 3 verse 1-21 beantwoord het. Nikodemis, 'n leier van die Jode het in die geheim na Jesus gegaan, om navraag te doen oor die Koninkryk van God en die ewige lewe. Jesus het dit baie duidelik gestel dat hy geen hoop het om in die Koninkryk van God te kom, as hy nie weergebore is nie.

Jesus het verduidelik dat die wat uit die vlees gebore is vlees is, maar die wat uit God se Gees gebore is, is gees. Jy kan nie die dinge van God begryp of die ewige lewe beërwe tensy jou gees verlewendig word (opgewek of weergebore) deur die Gees van God en dit vind slegs plaas wanneer jy Jesus as jou persoonlike Verlosser aanneem.

Ons lees in Joh. 3:16-18: **"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."**

Dit word bevestig in 1 Joh. 5:11-13: **"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God ni het nie, het nie die lewe nie. D het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."**

En in Joh. 14:6 antwoord Jesus: "**Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."**

Jesus sê met ander woorde, dat Hy die enigste toegang tot Vader God is.

Jesus het gesê: **"Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom."** (Mark.16:15).

Die Evangelie is vir elkeen van ons!

Die Bybel sê: **"Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."** (2 Pet. 3:9). Dit sluit ons almal in.

In Ps. 103:3 lees ons dat God: **"al jou ongeregtigheid vergewe, en al jou krankhede genees"** Die Evangelie is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo… (Rom.1:16). Dit sluit jou in wanneer jy vandag die Evangelie hoor en gehoorsaam is daaraan.

'n Aardse vader mag een van sy kinders bo die ander stel (alhoewel dit nie Bybels is nie) maar God is nooit hieraan skuldig nie. Hy het JOU net so lief as wat Hy vir my of enige hierdie aarde, het.

Net voordat Jesus opgevaar het na Sy Vader in die Hemel, het Hy in Mark.16:15 gesê: **"Gaan die hele wêreld in** (Dit sluit jou en my dorp of stad in) **en Hy het beveel: verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom"** (Dit sluit my en jou in).

Die woord Evangelie beteken GOEIE NUUS! Jy mag miskien vra "Wat is die goeie nuus? "Dit is die goeie nuus wat Jesus vir ons gedoen het, toe Hy aan die kruis gesterf het. Hy het die straf betaal vir ons sondes en ons vrymaking moontlik gemaak wat die gevolge wan daardie sondes was en vir ons siektes betaal. Matt. 8:17.

"Hoe het Hy dit gedoen?" is dalk jou vraag. Om dit ten volle te verstaan, moet ons terug gaan na die begin. Volgens God se Woord in Genesis, het Hy die mens volmaak geskape, sondeloos, sonder kwale of enige ander bose dinge, maar Adam en Eva het teen God gesondig. Hulle was ongehoorsaam, deurdat hulle Sy opdrag oortree het in die tuin van Eden, waar hulle gewoon het. DEUR HUL EIE KEUSE VAN ONGEHOORSAAMHEID is hulle van God geskei en het Geestelik gesterf. Net so deur gehoorsaamheid aan die evangelie, kan ons die verhouding met Vader God herstel. Hulle was nou direk onder die invloed van die vyand, Satan en het sy slagoffers van sonde en die gevolge daarvan.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 'n Nuwe Skepsel)

Baie geslagte het gelewe en gesterwe in gebondenheid aan sonde en siekte. In Sy oneindige liefde het God neer gekyk op Sy lydende skepsels en in genade het Hy Sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur, as Sy plan vir die redding van die mens. 'n Redding wat die mens uit die haglike, vernederende toestand, waarin hy deur ongehoorsaamheid beland het, te verlos en sy verhouding met God to herstel. God het Jesus gestuur om 'n grusame dood te sterf, om ons van ons sonde te verlos en genesing moontlik te maak. Jesus het die straf van die dood, wat ons as gevolg van ons sondes verdien het, gedra en Hy het dit deur middel van Sy vrywillige kruisdood gedoen. Ek en jy het, met ander woorde, God se wet verbreek deur ongehoorsaamheid en behoort gevolglik daarvoor gestraf te word. Daardie straf is die ewige dood volgens God se Woord en as gevolg van ons sonde verdien ons daardie straf! Daar staan geskryf **"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."** Rom. 6:23.

Die Bybel vertel ons dat **"almal gesondig het en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God". Rom. 3:23.**

God se liefde is egter so groot, dat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie, maar dat almal die ewige lewe moet hê.

DIT IS AS GEVOLG VAN SY GROOT LIEFDE, DAT HY SY SEUN JESUS GESTUUR HET om in ons plek te sterf, om ons sonde op Hom te neem en die uiterste prys, wat Hy alleen kon betaal as die sondelose, vlekkelose Lam – 'n lewende offer met die vergieting van Sy kosbare Bloed as 'n versoening vir elkeen van ons, indiwidueel, se sonde.

Hy is gekruisig sodat ons die ewigheid in die hemel kan deurbring. Hy het ons sonde op Hom geneem sodat ons geregtig in Sy geregtigheid kan wees. Hy het ons plek ingeneem in die dood, sodat ons Sy Ewige Lewe kan hê!

Die Bybel vertel ons dat SY BLOED GESTORT WAS OM ONS VRY TE KOOP VAN ONS SONDE. Ons lees in 1 Joh.1:7 **"...en die bloed van Jesus Christus sy Seun, reinig ons van alle sonde."**

Hy het die vyand se mag oor ons gebreek, oor hom getriomfeer en in die openbaar ten toon gestel aan die kruis (Kol. 2:15) Hy het ook ons siektes en krankhede geneem (Matt. 8:17) Jesus, 'n lewende offer, wat die afgryslikste dood, onbeskryflik aaklig, gesterf het, om vir die sondes en siektes van ons elkeen te betaal en om Satan se houvas te breek..

Hy het aan die kruis uitgeroep "Dit is volbring" – wat verwys na Sy sending na hierdie wêreld, om die mens en God weereens te versoen en gemeenskap tussen die mens en ons Hemelse Vader te herstel is volbring. Dit is voleindig. Niks kan daarby gevoeg word nie en niks kan weggeneem word nie. Alleenlik Jesus, die vlekkelose, geofferde Lam kon die prys betaal – EN HY HET DIT GEDOEN! Hy het aan al die wettiese vereistes volgens God se Woord voldoen. Dit hang van ons af; sal ons dit glo en hierdie groot werk van redding en verlossing, deur Jesus, uit die Hand van God, aanneem? Dit is 'n geskenk van God aan jou en my – ons moet dit net glo en deur geloof ontvang en dan handel in geloof.

WAAROM HET HY DIT GEDOEN?

Hy het dit gedoen sodat die mens weereens gemeenskap met sy Skepper kan hê, want sedert Adam se val was die mens geskei van 'n liefdevolle God (Joh.3:16)

Deel van die sondestraf is siekte en pyn, wat die gevolg is van die sondeval van die mens. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy die hele straf gedra, sodat ons VOLKOME VRY kan wees.

1 Pet. 2:24: **"wat self ons sondes in sy liggaam op die kruis -hout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is."**

Dit is die Evangelie – die GOEIE NUUS wat redding bring vir die wat glo. Die wyse waarop on dus gered en vrygemaak word, is deur die KRAG van die EVANGELIE! Dit is deur hierdie Goeie Nuus te GLO en daarop te REAGEER in gehoorsaamheid.

Veronderstel jy skuld iemand 'n groot som geld. As jy dit nie vereffen nie, sal jou huis verkoop word om jou skuld te betaal. Nou het die tyd aangebreek dat jy moet betaal en die beamptes kom om jou huis in besit te neem. Jy en jou gesin sal dakloos gelaat word. Veronderstel nou jy het 'n vriend wat van jou nood gehoor het. Hy betaal jou skuld en bring die GOEIE NUUS vir jou – Jy hoef nie meer jou skuld te betaal nie. Die skuld bestaan nie meer nie, Wat sal die gevolg wees? Jy sal dadelik vrygestel wees van die skuld. Jy sal nie meer jou huis verloor nie. Iemand anders het dit betaal en jy is vrygestel van die skuld. Dit sal VREUGDEVOLLE NUUS wees! GOEIE NUUS! EN DIS PRESIES WAT JESUS VIR JOU EN MY GEDOEN HET. Ons het 'n skuld wat ons nie kan betaal nie. Ons het teen God gesondig. God se wet sê dat ons vir hierdie sonde moet sterf. Maar Jesus, Seun van God, het gesterf om ons sonde weg te neem. Hy het nie siektes of krankhede gehad nie, maar Hy het ons siektes gedra.

Hy het ons so lief gehad dat Hy gewillig was om ons te red van die vernietiging van ons skuld en skande, deur dit op Homself te neem. Hy het in ons plek gesterf sodat ons gered kon word om die ewige lewe saam met Hom deur te bring.

WAT 'N WONDERLIKE VERLOSSER.

Elkeen van ons het gesondig en het 'n Verlosser nodig. Die Blye Boodskap vertel ons dat Jesus die enigste Verlosser van die mens kon wees. Hy alleen was sondeloos. Hy alleen kon die ewige prys betaal.. Hy alleen was volkome God - God wat vlees geword het (Joh.1) en volkome mens. Hy alleen kon tussen God en die mens staan om hulle weereens deur Sy dood, te versoen. Hy alleen kon die middelaar tussen God en mens wees omdat hy albei was! Nou stuur Hy Sy dissipels, boodskappers van hierdie Goeie Nuus dwarsoor die wêreld, om die Goeie Nuus te verkondig en elkeen wat hierdie wonderlike boodskap glo en daarop reageer IS VRY, word WEDERGEBORE!

Toe Petrus hierdie boodskap gepreek het in Hand. 2:38 het die mense uitgeroep. **"Wat moet ons doen?** En **Petrus het vir hulle gesê: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**

Bekeer beteken om jou rug te draai op jou ou lewenswyse en uit te reik na Vader God en te Bely dat jy 'n sondaar is wat verlossing nodig het. Glo aan Jesus se volmaakte werk aan die kruis en neem Hom aan as jou persoonlike Verlosser en Geneesheer. Die Woord van God sê dat daar net een middelaar tussen God en die mens is, en dit is die mens Christus Jesus – 1 Tim. 2:5: **"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."**

Jesus se boodskap lui "**Wees bly! Jy hoef nie meer vir jou sondes te sterf nie. Jy hoef nie meer te ly nie. Ek het die prys betaal. My Bloed is gestort vir die vergifnis van jou sonde. My Liggaam is vir jou gebreek en deur My Wonde is jy genees!" (1 Pet. 2:24)** Hy was onherkenbaar vermink deur wonde aan Sy liggaam.

Dit is die Goeie Nuus vir elke sondaar- Jesus Christus het jou sonde

(Vervolg op Bl. 4)

THE GREAT BATTLE OF HANUKKAH

The Festival of Hanukkah began in 165 B.C.E. It celebrates the triumph and victory of the "few over the many", "light over darkness", and "good over evil". God's people were not prepared to compromise with their enemies, neither were they prepared to surrender to their pagan ways! The God of Abraham, Isaac and Jacob honoured the stand taken by the zealous determined remnant of Israel, who were prepared to fight to the death for their God, and He gave them the victory! What a wonderful lesson for us, encouraging us to stand and prevail in the face of onslaught, for if God be for us, who can be against us. (**Rom. 8:31)**

The great battle of Hanukkah is a fascinating tale of how a small number of Jews triumphed over a wicked tyrant and freed Jerusalem and the Temple, preparing the way for the Messiah.

When the Assyrian-Greek king Antiochus came to power over Israel, he tried to Hellenise the Jews, to make them like Greeks. He made laws proclaiming that no Jewish practices could be observed, and he put Greek idols in the marketplaces and the Temple. He even commanded that pigs, unkosher animals, be sacrificed in the Temple, sacrificing one himself and pouring its blood over the scrolls and on the altar. This was abhorrent to the Jews.



In the town of Modin, Mattathias, a man of priestly descent, refused to obey the new laws and led an uprising. Judah, one of his sons, became the leader after his father's death. He was called Maccabee, which means "hammer"; his followers were called the Maccabees.

After three years of fighting, the Maccabees finally defeated the enemy and drove them from Jerusalem. Then they cleansed the temple and built a new altar. On the 25th of Kislev, they rededicated the Temple to God with a celebration that lasted eight days.

Among the traditions surrounding this festival is the story of the miracle of the oil. The Talmud, the codification of rabbinic writings, says that when the Maccabees cleansed the Temple, they found only enough pure oil to light the ner tamid (eternal light) for one day. But to their surprise, the oil lasted eight days until a new supply could be obtained.

In the New Testament we read in John 10:22 that Jesus (Yeshua), celebrated Hanukkah but does not give any specific details.

The battle for Jerusalem is commemorated every year by the celebration of Hanukkah, which this year commences on 26th December and lasts to the 2nd January. Its message is more urgent and important than ever before, since the desire of Israel's enemies to liquidate her is even stronger at this present time than in times past.

There are of course those who naively think that some sort of accommodation can be made with Israel's enemies. For them it is merely a case of giving up the Golan, Judea-Samaria, East Jerusalem and Gaza and all will be well!

Nothing is further from the truth. The stated goal of all Israel's so-called peace partners is nothing short of total destruction of the Jewish state. Even the PLO has said this time and time again, but we are told by media junkies and other fools that this is just rhetoric for the masses. Yes it is, but they mean it.

In the final analysis this conflict is a spiritual one since the restoration of Israel enjoys Biblical support. This God-driven work of restoration will culminate in Israel's redemption, the coming of her Messiah, the destruction of all demonic power, and the introduction of the Messianic Age of peace and righteousness. This is clear Biblical testimony, and nothing can change it. Given the reality of these facts it is therefore not surprising that the forces of darkness will mount an all-out global battle against Israel. The Bible clearly affirms this will happen.

"And I saw three unclean spirits like frogs coming out of the mouth of the dragon, out of the mouth of the beast, and out of the mouth of the false prophet. For they are spirits of demons, performing signs, which go out to the kings of the earth and of the whole world, to gather them to the battle of that great day of God Almighty …And they gathered them together to the place called in Hebrew, Armageddon" (Rev. 16:13-16).

And from the Old Testament: ***"Behold, I will make Jerusalem a cup of drunkenness to all the surrounding peoples, when they lay siege against Judah and Jerusalem. And it shall happen in that day that I will make Jerusalem a very heavy stone for all peoples; all who would heave it away will surely be cut in pieces, though all nations of the earth are gathered against it."***

"In that day…..I will strike every horse with confusion, and its rider with madness; I will open my eyes on the house of Judah, and I will strike every horse of the peoples with blindness. And the gover-

(Continued on page 4)

"...The great battle of Hanukkah is a fascinating tale of how a small number of Jews triumphed over a wicked tyrant and freed Jerusalem and the Temple, preparing the way for the Messiah…."

(Continued from page 3 - The Great Battle of Hannukah)

***nors of Judah shall say in their heart. 'The inhabitants of Jerusalem are my strength in the LORD of hosts, their God'"* (Zech. 12:2-5).**

It goes without really having to say it that we are now seeing the beginnings of this global contest between the forces of evil and the Word of God. Moreover, the Bible teaches that the strategy of the Devil will be to divide the land of Israel.

Joel 3:1-2: *"For behold, in those days and at the time, when I bring the captives of Judah and Jerusalem, I will also gather all nations, and bring them down to the Valley of Jehosophat: and I will enter into judgement with them there on account of my people, my heritage Israel, whom they have scattered among the nations; they have also divided up my land."*

It is quite remarkable that the Bible foretells this strategy, but at the same time affirms that it is an evil one that incurs the wrath of God against the world. To put it bluntly, the nations are now on a collision course with the God of the Bible and of the universe.

This madness will eventually result in the following:

The Bible will be vindicated as the only true revelation from God. The God of Israel will be vindicated as the only true God. The nation of Israel will be humbled, redeemed and delivered, and exalted as the chief of the nations.

Believers that have stood with and prayed for Israel will be vindicated.

These are urgent days, and the issues outlined above are going to become more polarising with each passing day. Those who stand on the clear Biblical revelation concerning Israel are going to be vilified and attacked from many quarters. The New World Order machinery will gather momentum, and immense pressure is going to be applied to Israel's leaders.

Even now the nations by and large have decided that Israel must be divided, and nothing as far as they are concerned can change this.

They are of course wrong! The God of the Bible, the God of Israel will change it! We are called to be on the side of the Bible. We are called to be watchmen on the walls of Jerusalem, and it is the Lord Himself who appoints us to this responsibility. No quarter must be given as we call upon God day and night to establish Jerusalem as a praise in the earth.

As the great battle of Hanukkah looms on the horizon – a battle that will once and for all settle the question of who owns Jerusalem, God is appointing His watchmen as He declares in **Isaiah 62:6-7: I have set watchmen on your walls, O Jerusalem, who shall never hold their peace day or night. You who make mention of the LORD, do not keep silent, and give him no rest till he established and till he makes Jerusalem**

(Vervolg vanaf Bl. 2 - 'n Nuwe Skepsel)

gedra, sodat jy dit nie self hoef te dra nie. Dit is wat wedergeboorte beteken en daardeur die ewige lewe te beërwe. Wanneer ons Jesus Christus as ons Here en Verlosser aanneem, word ons gees opgewek, verlewendig deur die Gees van God en is dit moontlik om met God te kommunikeer, want God is Gees.

Die Bybel verklaar: **"Die Evangelie is die krag van God tot Redding vir elkeen wat glo"** (Rom. 1:16).

GLO dat Jesus vir jou gesterf het! Dat Sy Bloed gevloei het vir die afwassing van jou sondes. Ons bring dit in herinnering, wanneer ons die "beker" by die Nagmaaltafel neem. Die "beker" is simbolies van die Bloed van Jesus. GLO dat Sy Liggaam gebreek is sodat jou siekte genees kon word.

Ons bring dit in herinnering wanneer ons die brood by die Nagmaal tafel neem. Die brood is simbolies van die Liggaam van Christus.

Dit is die GOEIE NUUS. God se krag is teenwoordig om jou te red en te genees!

Ons sien daagliks by die Sentrum en uitrykingsdienste hoe hierdie GOEIE NUUS mense vrymaak, siele red en liggame genees, wanneer mense dit HOOR, GLO en hulle BEKEER. Jesus het gesê: **"Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom"** (Mark.16:15).

Hierdie is die eerste deel van die Groot opdrag en bring daarmee saam die ewige lewe. Die res lui as volg (verse 17 en 18) **"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."**

Lees ook in Matt.28:19 wat Jesus vir Sy dissipels gesê het **"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om ALLES TE ONDERHOU wat EK julle beveel het. En, kyk, EK is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen."**

Dit is ongelukkig so dat die meeste tradisionele kerke net 'n gedeelte van die eerste deel van die Groot Opdrag uitvoer, maar die tweede deel veroordeel! Dit is in werklikheid die toepassing van die tweede deel van die Groot Opdrag wat die OORVLOEDIGE LEWE bring volgens Joh.10:10, wat Jesus aan elke gelowige belowe het.

"Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).

DIE REDE WAAROM HY MET ONS IS

Hy is met ons om Sy Woord te bevestig met tekens en wonders en om Sy krag in ons lewens te demonstreer (Mark.16:20).

Hy is met ons, om ons te lei en te beskerm, om ons Sy weë te leer en om ons in paaie van geregtigheid te lei, Hy is met ons om die Evangelie, vir ons eie ontwil, te bevestig. As jy Hom nou as jou persoonlike Saligmaker en Geneesheer aanneem deur geloof, sal jy in jou hart kom woon. Jou gees sal vernuwe word wanneer jou sondes vergewe is en jy weer met Vader God versoen is. Die God wat al ons ongeregtighede vergewe en al ons krankhede genees – maar alleenlik in Jesus Christus. God is 'n God van wonderwerke en Hy sê in Sy Woord, dat **"ALLES moontlik is vir hulle wat glo."**

God reik vandag persoonlik na jou uit en wil jou van al jou sonde reinig en jou liggaam genees. Al wat Hy van jou vra is dat jy MET JOU HELE HART IN SY SEUN JESUS SAL GLO en dat jy jouself volkome aan Hom sal gee om in jou lewe te heers en te regeer.

Is jy gereed om hierdie stap te neem? Dit is die belangrikste besluit wat jy ooit sal neem. Dit is God se

(Vervolg op Bl. 6)

UIT ONS POSSAK



Die Here is goed en groot. Ek is volkome genees van depressie en angs. Baie dankie vir julle gebede en bemoediging. Mag die liefde en seën van Jesus Christus julle omvou. Baie groete.

Mev S Saayman.

Ek groet julle almal in die wonderlike Naam van Jesus. Die mooiste, soetste, reinste Naam bo alle name. Ek is so lief vir Hom, alhoewel ek soms vrae het waarop ek nie antwoorde kry nie. Maar ek het so 'n lieflike getuienis van wat die Here Jesus vir my gedoen het, ek kan nie anders as om dit met u te deel nie.

Ek, Colette (my dogter), en Johantjie (my kleinseun van 10 jaar) het verlede jaar Kimberley toe getrek van Boshof af. Ons het 'n woonstel te huur gekry vir R2500.00 per maand plus dieselfde bedrag in deposito. Dit was baie duur en ek en Colette het uitgekyk vir goedkoper. Ons het toe 'n plekkie gekry en het kennis gegee, toe ek die deposito gaan haal by die man, trek hy R500.00 af en sê ons het die plek vuil agtergelaat. Die Here weet dit is nie so nie, want Martha my huishulp het die woonstel altyd netjies skoongemaak. 'n Maand daarna het ek gehoor ek gaan my werk na 4 en 'n half jaar verloor!! Ek was toe 58 jaar, dit was vir my 'n groot skok, maar ek het geweet God het 'n ander plan. Ek het aan u geskryf oor die lang ure wat ek by die dokters gewerk het, van die ontvangsdame wat my so beskinder het en die trane wat ek nagte gestort het. Ek maak dit toe 'n gebedssaak en bid soos nog nooit in my lewe, ek gebruik elke oggend nagmaal en ek neem die Here op Sy Woord oor al die beloftes wat Hy my gegee het. Ek hoor van 'n ander werk, baie minder stress, ek werk van 8 tot 4, geen Saterdae nie, en die salaris is meer. Die einde April moes ek klaarmaak by die dokters en twee dae voor die tyd toe hoor ek ek het die werk gekry!! Ek werk nou vir 'n kliniese neurofisioloog, en werk baie lekker. Dit maak nie saak hoe oud mens is nie, as God saam met jou in 'n saak is, kan niks verkeerd loop nie. Ek het vir die grootbaas van Johannesburg, Jaco Smith gevra hoekom het hulle my gekies, daar is so baie jong vroutjies wat aansoek gedoen het, toe sê hy vir my, my naam het net uitgestaan!! Prys die Here, wat deure kan oopmaak en toemaak. Is God nie goed nie, wat doen die sterfling sonder Hom, wat 'n onseker, leë, doellose en gevaarlike toekoms gaan so iemand in!! Ek gee aan Hom al die eer, lof en aanbidding van my hart.

Mev D Marais, Hadison Park

Ek is jou ouderdom en my vrou 'n paar jaar jonger, en ons vriend Hannes de Lange was in dieselfde klas. Toe ons nog jong mense was, het jy een aand 'n diens in Swellendam se stadsaal gehou. Ons het agter op die galery in die voorste ry gesit. Teen die einde van die

diens versoek jy alle persone wat aan hoofpyne ly om op te staan. My vrou wat sedert haar kinderjare sulke hewige migraine aanvalle gekry het, dat sy soms uit die skool moet bly, sien nie kans om op te staan nie. Jy doen 'n tweede versoek. Toe sê jy: "Daar agter op die galery sit 'n vrou wat aan kwaai migraine lei". Jy doen 'n laaste beroep dat sy moet opstaan. Sy staan toe op, en jy bid vir haar en die ander. Vandag nog is ek bewoë as ek aan hierdie groot wonderwerk dink wat die Meester vir ons gedoen het! Nooit weer het my vrou migraine gekry nie! Intussen het ons baie ander wonderwerke beleef en is ons harte vol van groot dankbaarheid teenoor ons Verlosser en Leidsman.

Mnr en Mev T Uys, Heidelburg

Graag wil ek u vertel van die wonderdade van Jesus na ek u by twee geleenthede geskakel het om vir geliefdes te bid.

In 2004 het my geliefde tweeling suster Mara Anderson tussen 3 en 4 beroertes gehad. Sy was baie siek kon skaars praat en na sewe weke kon sy nog steeds nie sluk nie. Sy was baie swak en elke aand as sy gaan slaap het ons nie geweet of sy die volgende oggend wakker sou word nie. Ons was bevrees dit sy weer 'n beroerte kon kry. Die 5de September 2004 het ek met u kantoor geskakel en die 16de September het sy haar eerste kos geëet. Met al die gebede het sy elke dag sterker en sterker geword. Vandag het sy 100% volkome herstel. Sy is ontsettend lief vir Jesus en het geglo dat sy gesond sou word. In Februarie 2005 het ek weereens geskakel. My seun Louwtjie wat van graad 4 'n ernstige velprobleem ontwikkel het, het jare gely deur absesse wat veral in sy gesig voorgekom het. Hy het jare aanmekaar operasies gehad om absesse te dreineer en wou nie in die openbaar tussen mense wees nie. In Feb. 2005 was sy een oog byna toegeswel en hy moes heeldag met kliënte werk. Hy was hartseer en gebroke en sy probleem het diep letsels gelaat oor mense hom altyd aangestaar het. Ek het weereens met u kantoor geskakel en geglo dat net 'n wonderwerk hom gesond kan maak. Ek het geglo die antwoord lê by Jesus en vandag kon ek getuig dat hy nog nie weer in al die maande vandag u vir hom gebid het een nuwe abses in sy gesig gekry het nie. Ek sien hoe hy deesdae met selfvertroue met kliënte werk (hy is 'n rekenaartegnikus). Ek kyk elke oggend wanneer hy opstaan vir hom en ek weet Jesus leef. Baie, baie dankie vir die wonderlike werk wat u doen en die gebede vir al ons geliefdes. Grote

Mev A Klokow, Bethlehem.

(vervolg vanaf Bl. 4 - 'n Nuwe Skepsel)
GESKENK aan jou, dit beteken egter dat jy Hom sal moet volg. Ek wil nou vir jou bid.

My Hemelse Vader, ek bring hierdie kosbare persoon na U troon van genade. U ken elkeen van sy behoeftes. Voorsien asseblief in elke behoefte volgens U beloftes in U Woord. Daar mag baie sonde, vrees en verwarring wees, maar ek bid dat U, U versekering sal gee dat Jesus se Bloed gestort is vir die versoening van Al sy sonde. Gee asseblief aan hom die geloof en vertroue om U nou dadelik as Sy Heer en Verlosser aan te neem. Gee aan hom U volkome vrede wat die gevolg is van U vergifnis. Plaas U blydskap in sy hart en gees op hierdie oomblik. Die vreugde van U Redding.

As daar siekte in sy liggaam is, bid ek Here dat U, U genesende hand sal uitreik en in U groot genade en meegevoel hom nou volkome genees, net soos in die Bybel se tyd, want U is dieselfde vandag en tot in ewigheid en U verander nooit. Laat geloof in sy hart ontstaan sodat hy op U Woord en beloftes kan reageer, wat vir ewig vasstaan. Ek vra dit alles in die Naam van Jesus. Amen.

Noudat jy gereed is om Jesus as Here en Verlosser te ontvang, bid die volgende gebed hardop met opregtheid in jou hart en bedoel elke woord soos jy tot jou Hemelse Vader spreek.

Liewe Hemelse Vader, ek dank U vir die Evangelie – die Goeie Nuus oor wat Jesus, U Seun, vir my persoonlik gedoen het aan die kruis. Ek erken dat ek 'n sondaar is en verlossing nodig het. Ek draai weg van my ou sondige lewe en wil U volg. Ek glo die Goeie Nuus met my hele hart, dat Jesus my sondes en sieke aan die kruis gedra het, om die straf, wat ek verdien het, te betaal. Ek glo dat Hy die prys betaal het, wat ek nooit sou kon betaal nie en ek dank U vir die groot Geskenk van U Seun, wat my van verdoemenis bevry het. Ek dank U vir redding. Ek dank U vir vergifnis, omdat Jesus in my plek gely het.

Ek dank U Here Jesus, dat U my siekte en pyn in U liggaam geneem het en dat ek deur U wonde genees is. Ek dank U vir U volmaakte werk van Verlossing en wedergeboorte wat U op Golgota volbring het, U het my sondes en siektes saam met U aan die kruis geneem. Ek glo hierdie Goeie Nuus en dank U vir my redding en genesing. Ek neem U nou, deur geloof aan en bely U, Here Jesus, as my Here en God. Help my asseblief om van vandag af, U met my hele hart te dien. Amen.

Jy sal waarskynlik 'n aantekening van hierdie datum wil maak – die belangrikste dag van jou lewe – skryf dit in jou Bybel as 'n herinnering. Weet dat 'n engel van God, terselfdertyd jou naam in die Lam se Boek van die Lewe geskryf het, waar dit sal bly solank as wat jy aanhou om die Here te volg en gehoorsaam is aan Sy Woord. Onthou dat jou Hemelse Vader jou gebed gehoor het en dit beantwoord het. 'n Nuwe lewe het vandag vir jou begin. Jy is nou wedergebore deur die Gees van God en is 'n kind van God soos die Woord verklaar:

Joh: 1:12-13: **"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."** **a**

Uit Dr James se Kantoor

Uit Dr James Uit Dr James Uit Dr James

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐M47 The Name of our God
☐M50 Charismatic Witchcraft
☐M52 The laughing spirit explained
☐M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐M60 How Great is your God
☐M61 Faith as a Mustardseed
☐M62 What does God expect of the family
☐M63 What does the Bible say about Baptism
☐M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐61 What does God demand
☐62 How to bury the past
☐64 The Christian and Job

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea
CD's-Dr JJ van Zyl—R20.00ea

☐A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐A25 The Faithfulness of the Father
☐A28 He is Risen
☐A30 Healing through the Cross
☐A33 Holy Cows of religion
☐A34 The Unlimited power of God's Word
☐A35 Forgiveness & Healing
☐A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐D38 The Presence of God – DGericke
☐D42 Heart Pleasing to God - D.Gericke
☐D46 Be strong and courageous - D. Gericke
☐ D 47 Your Foundation - D. Gericke

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk
CD's deur Dr James-R20.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak
☐ A37—God Reageer op Kinderlike Geloof
☐ A41—Die Krag van die Waarheid

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande—ander sprekers-R10.00
CD's—ander sprekers-R20.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

☐ **NEWSLETTER** ☐ **CHEQUE** ☐**BANK DEPOSIT** ☐ **P/ORDER**

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..…..

☐ **NUUSBRIEF**☐ **TJEK** ☐**BANK DEPOSITO** ☐ **POSWISSEL**

Totaal: R……